# Die Lewende Kerk

Weekblad van Die Gereformeerde Gemeente Bergbron
Sondag 29 November 2015

# Baie Welkom by ons Erediens!

www.bergbron.org.za

## Erediens

Vandag se erediens word gelei deur ds. Stephan Briel
Lees: Jes 61: 1-11.
Fokus: Jes 61: 1-3.
Bergbron: Omgee-gemeente, gesalf vir genesing en bevryding.

## Omgee:

- Ds Stephan het nie die beroep aangeneem na GK Middelburg-Noord nie. Mag hy ervaar dat die Here hom ryklik seën in die verdere bediening hier by ons! Daarmee saam behou ons ook ‘n belangrike komponent van ons musiekgroep, in Ilse-Marié, Ariadne en Elsjevon. Ons dank die Here vir julle!
- Matt Brummer se ouma is oorlede en haar verassingsdiens was Donderdag.
- Beide Dirkie Snyman en Carla van den Heever se pa’s is siek met kanker.
- Beide Sarie Schoeman en Corrie Erasmus se broers is ernstig siek met kanker.

# Offergawes:◊

Offergawes: 'D' gemerk: vir behoeftiges. Ongemerk: instandhouding v/die erediens.

# Afkondigings: ☼

- Nooi familie en vriende na vanaand se **Kerssangdiens** om 18:00.
- **Woensdag** is daar soos gewoonlik geleentheid om saam te bid vanaf 18:30 in die kuierkamer.
- **Vir afkondigings of berigte** (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (011 673 9705, kantoor@bergbron.org.za of sms na 072 651 8286).

# Vroue-aksie

- Baie dankie en seënwense vir **Annette Müller en Elma Mulder** wat hulleself diensbaar stel vir die koördinering van die Vroue-aksie se take volgende jaar.
- Hulle vra asseblief dat die dames wat volgende jaar steeds kan voortgaan om te **help met teeskink en ander funksies** én dames wat wil aansluit by hulle vir Annette by 082 449 2234 of Elma by 082 416 4138 sal laat weet. Indien jy wil, is daar 'n vormpie wat ingevul kan word agter in die kerk.
- Vanaand na die Kerssangdiens wil ons lekker kuier in die saal. Almal word gevra om asseblief 'n **bord soet en/of sout eetgoed** te bring vir die geleentheid. Al die teegroepe is vanaand aan diens asseblief – vele hande maak ligte werk!
- Elzette en Santjie gaan ook vanoggend na die diens **die saal regmaak** – enige hulp sal waardeer word.

# Kantoor

- **Die Almanakke** wat bestel en betaal is, sal vandag by Ankie beskikbaar wees.
- Ons rig 'n dringende versoek vir enige lidmaat wat bereid is om opgelei te word om te help met die bedien van die **rekenaar tydens eredienste**. Op die oomblik is eintlik net Alda van de Vyver oor vir diens in die skoolkwartaal. Sé vir Ankie of ds. Stephan asseblief as jy wil help.
- Die gemeente se **kalender vir 2016** word nou gefinaliseer – stuur belangrike datums vir Ankie by kantoor@bergbron.org.za asseblief.
- Ons kantoor sluit vir die vakansie vanaf 11 Des 2015 en sal DV hervat op 5 Jan 2016. Volgende Sondag sal daar nog 'n blaadjie wees.

# Ander Brokkies

- Elzette van Niekerk is dringend op soek na werk vir haar huishulp, Sophie, vir 2016. Sy is baie betroubaar en werk al 15 jaar vir hulle. Kontak haar gerus vir haar CV by elzette.vanniekerk@maragon.co.za of sel 072 750 1008 .

# Wil jy by die gemeente aansluit?

Vul asseblief 'n **pienk vorm** in - op die tafel by die deur. As jy ‘n bewys van lidmaatskap het, gee dit saam met die vorm vir die predikant. Bel ds. Stephan (011 477 2133 of 082 253 3029) of vir Ankie by die kerkkantoor (011 673 9705).

# Lekker verjaar ...!🕯

Verjaardae in die week:

| | | |
|---|---|---|
| 30/11 | THINUS VAN JAARSVELD | 082 650 5711 |
| 03/12 | LIANË DE BEER (DOOP) | 083 564 7956 |
| 04/12 | NADINE ABOURIZK | 083 407 0118 |
| 04/12 | ANTON RETIEF | 083 353 3863 |

# Mag die Here jou oorvloedig seën

# Die Lewende Woord Vir Jou Vandag 🕮

**Prediker:** Ds Stephan Briel

Lees: Jes 61: 1-11.
Fokus: Jes 61: 1-3.

**Bergbron: Omgee-gemeente, gesalf vir genesing en bevryding.**

- Salwing was gewoonlik gekoppel aan die meedeling van die Heilige Gees aan die persoon wat gesalf word (1 Sam 16: 13; 2 Sam 23: 1-7). Wanneer ‘n persoon gesalf word, kom die Heilige Gees en gee aan die persoon Goddelike outoriteit en bekwaam-making vir die taak waartoe God hom of haar geroep het.
- In die Ou Testament was die Heilige Gees **met** God se volk (wolk- en vuurkolom, tabernakel en tempel).
- Na Christus se kruisiging en opstanding kom woon die Heilige Gees **in** God se kinders (Joh 20: 22). Deur die inwonende werking van die Heilige Gees, bring die Heilige Gees tussen gelowiges liefde, vrede, vriendelikheid, goedhartigheid, ens (Gal 5: 22-23). Dit dui op die eerste deel van ons visie: Bergbron is ‘n omgee-gemeente.
- Na Pinkster bemagtig die Heilige Gees God se kinders vir bediening. En dit is die tweede deel van ons visie: Bergbron gesalf vir genesing en bevryding.

**Vir nadenke en gesprek by selgroepe en huisgodsdiens:**

- Hoe was die Heilige Gees in die Ou Testament by God se volk

teenwoordig?

- Hoe verklaar jy die ontvangs van die Heilige Gees in Joh 20: 22?
- Wat is die verskil tussen die werk van die Heilige Gees voor en na Pinkster?
- Noem voorbeelde van die inwonende- en bemagtigende werking van die Heilige Gees in ons gemeente.

# Bergbron besonderhede

**Bergbron webwerf:**www.bergbron.org.za

Ds. Stephan Briel – herder en leraar: 011 477 2133, 082 253 3029, stephan@bergbron.org.za
Musiekdiensgroep – vakant (kontak ds Stephan of kerkkantoor)
Jeug – Vernon Fortune: 071 217 7792, vernonfor.vf@gmail.com
Gebedsgroep – Gerhard en Susan Botha 083 537 9770
Berading – Marietjie Volschenk 082 602 3023
**Bankbesonderhede**: Gereformeerde Gemeente Bergbron, ABSA Parktown, rek. 180 350 349
Kantoorure: Dins, Do en Vrydae van 09:00 tot 13:00. Tel. 011 673 9705
**kantoor@bergbron.org.za**
**Diakens**: kontak Carel Cornelissen: 083 717 0003.
**Ouderlinge:** Wesley Abourizk 083 440 2782; Pieter de Klerk 082 464 9480; Pierre Douglas 083 307 8865; Jacques Moolman 072 277 0036; Fanie Olivier 079 710 2344; Willie Volschenk 082 777 7734.